Pierneef Gemeente
Die Boodskapper
14 Julie, 2024

Kantoorure: Ma, Wo, Vr. 8:00-16:00 **Sel:** 072 137 4407
Epos: kantoor@ngkpierneef.co.za **Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA,
Tjekrekening: 281590621,**Takkode:** 01-4845
Leraar: Ds Paullet Grobler (076 841 1568 **Gemeente-Sekretaris:** Cecile Botha (072 137 4407)
Jeugwerker: Sandra Berger (061 930 6540)

9:00 Erediens en Kinderkerk

Prediker: Ds Paullet Grobler
Teks: Fil 1: 3-11

Teebeurt: Wyk H – Kerkraadslid : Hennie Mostert

(Queenswood en Colbyn)

10:00 Kategese en Belydenis

Belangrike datums:

15 Julie: (18h00) Gholfvergadering
17 Julie: Bybelstudie en Bybelskool hervat Woensdae
18 Julie (18:30): Kleingroep
20 Julie (8:30): Diensbaarheidsaterdag
26 Julie (14:15): Kinderkrans
26 Julie: Wegneemetes

Ons verkoop
Vars voorraad: Hoender (Heel hoenders, opgesnyde hoender en "Starpacks")
Botter : Vars voorraad ontvang - R65 vir 500g
Farina Hondekos – R100 vir 8kg sak, R275 vir 25kg sak

Gevulde-pannekoek verkope: 26 Julie!

Verjaarsdae

15/07	Mev	Saskia	Meintjies
15/07	Me	Saskia	Van Wyk
15/07	Mnr	Dian	Du Plessis
16/07	Mev	Nancy	Williams
16/07	Mnr	Stephanus	Williams
16/07	Mnr	Dewald	Burger
17/07	Me	Natie	Du Plessis
18/07	Me	Annatjie	Kok
18/07	Me	Lettie	Vos
19/07	Mev	Marthie	Burger
19/07	Mej	Linelle	Alberts
19/07	Mej	Everlee	Viljoen
20/07	Mev	Rhona	Greeff
20/07	Mnr	Danie	Barnard
20/07	Mnr	Jan	Du Plessis

Lief en Leed

Ons dra die volgende vriende aan die Here op:

- **Mense wat besig is met behandeling of wag op behandeling:**
  Christo Kok. Amanda Brand wat binnekort met behandeling begin. Annelie Gresse se moeder.
- **Mense in die hospitaal:**
  Betsie Botha (Herman se Ma) wat wag op toetsuitslae.

  Dane van Mollendorf (oudlidmate Francois en Adri se dogter) wat tans in die hospitaal is nadat sy ‘n beroerte gehad het.

  Vanessa Rousseau wat herstel na ‘n hartoperasie.

Baie dankie aan Johan en Bregida wat ons nuwe verhooggordyne gemaak het, asook aan die borge en mense wat dit die week gehang het!

Gholfdag 2024

Ons Gholfdag is die jaar 6 September!

Indien jy deel wil wees van die reëlings en/of wil deelneem/bydrae kontak gerus Andrè (082 974 9559) of ds Paullet (076 841 1568).

Vorms is by die deure!

Daar sal voorsiening gemaak word vir 80 spelers (20 x 4 balle)

Koste:

- R2300 per 4-Bal
- R575 per enkel speler

Ingesluit in die koste is die volgende:

- Speel van ‘n rondte gholf by PTA Wes Gholf Klub
- 2 Karretjies per 4-Bal
- Aandete tydens prysuitdeling en
- Pryse vir alle spelers

Die formaat van die kompetisie sal soos volg wees:

- 4-Bal alliansie met 2 tellings wat tel,
- ”Scramble” dryf op elke syfer 4 en syfer 5 gaatjies en elke speler moet sy eie bal speel op die syfer 3 gaatjies. “Mulligans” sal by die klubhuis gedurende registrasie teen ‘n koste van R50.00 elk verkoop word.

Die volgende geleenthede is beskikbaar vir borge om hul produkte / dienste te bemark:

- Putjies: 1,9,10 & 18 teen R2750 elk
- Putjies: Par3 putjies teen R1250 elk
- Putjies: Par 4 & 5 teen R1000 elk
- Ete / prysuitdeling borge: R2500
- Prysborge vir alle 4-Balle, naaste aan die pen, langste dryf x 2 en langste dag

Borge ontvang 20% afslag indien hulle vir ‘n 4 Bal ook inskryf

Diensbaarheidsaterdag (20 Julie om 8:30-12:00)

Diensbaarheidsaterdag skep die geleentheid vir die Gemeentelede om te help met klein (baie nodige) takies in en om die kerk wat betref instandhouding.
Hierdie Saterdag gee ons aandag aan die volgende:

- Ons verf die vensterrame en hekke van die huis waarin Gift en Wilma bly.
  Ander klein werkies in en om die saal.
- Alles vir die instandhouding sal hier wees, jy kan net kom!

Nuwe lidmate

Ons nooi nuwe lidmate om asb na die erediens tot voor die kansel te kom waar ons u graag wil ontmoet. In die voorportaal is ook vorms beskikbaar wat u kan voltooi sodat ons u vinnig kan leer ken.
Lidmate wat ’n besoek verlang kan gerus die kerkkantoor kontak of kom inloer om ’n afspraak te maak.

Dorkas se Kombuis

Daar gaan nie ‘n week verby waar Dorkas se Kombuis nie ‘n bydrae maak tot ‘n ander se behoefte nie.

Die afgelope week kon ons ‘n skoolbaadjie en serp koop vir ‘n graad 1 meisie by haar skool se klerebank. Ons kon ook vir haar hoesmedisyne en verkoue medisyne koop.
Ek ken die familie se omstandighede.

Ons kon groente by ‘n ouetehuis gaan aflaai wat deur die Moot-Sorgsentrum aan ons geskenk is.
Poncho’s en jasse is geskenk. Die poncho’s het reeds ‘n huis gekry .
Die gehekelde kombersies en oulike booties wat elke week ontvang word, gaan verseker nog ‘n rekord los hekel ☺

Dankie vir nog suurlemoene. Dit is uitgedeel vir die wie dit kon gebruik.
Nog koffieblikke is ingesamel. Ons staan blik vir blik nader aan 40.

Elke bydrae, elke ietsie wat uitgedeel word, maak ‘n hart warm in die die winterkoue.

Mooi loop die week.

Bankbesonderhede: M Janeke: Capitec Spaar rekening nr. 1651207